Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Kantoor van die Hoof: Onderwys

Verwysing: 20201204-152
Navrae: BK Schreuder

Aan: Wiskunde- en Fisiese Wetenskappe-kandidate

Beste Kandidaat

HERSKRYF VAN WISKUNDE VRAESTEL 2 EN FISIESE WETENSKAPPE VRAESTEL 2

Julle sal teen hierdie tyd bewus wees dat die Wiskunde Vraestel 2 en Fisiese Wetenskappe Vraestel 2 in ander dele van die land uitgelek het en van die kandidate in 'n hele paar provinsies toegang daartoe gehad het.

Soos deur Minister Motshekga op Vrydag, 04 Desember 2020 aangekondig is, het die Departement van Basiese Onderwys gevolglik besluit dat hierdie twee vraestelle (Wiskunde Vraestel 2 en Fisiese Wetenskappe Vraestel 2) ongelukkig deur alle kandidate in die land oorgeskryf moet word.

Ek besef dat alle kandidate wat hierdie eksamens moet oorskryf, teleurgesteld sal wees, maar dis op die ou end in julle eie belang. Die uitslae wat julle ontvang, moet geloofwaardig wees.

Alhoewel julle teleurgesteld mag wees, wil ek julle weer eens aanraai om te fokus op die afhandeling van die oorblywende eksamens en om alle beskikbare tyd te gebruik om vir die herskryf van die eksamens, wat soos volg beplan is, voor te berei:

- **Wiskunde Vraestel 2:** 15 Desember 2020 om 14h00
- **Fisiese Wetenskappe Vraestel 2:** 17 Desember 2020 om 09h00

Soos ek voorheen aangedui het, het julle nou ondervinding van hoe om die vraestelle te skryf omdat julle dit so onlangs geskryf het, en dit kan julle dus tot voordeel strek. Julle weet nou presies wat om te verwag betreffende die vorm en standaard, alhoewel die inhoud natuurlik gaan verskil.

Ek weet dat dit ook 'n uitwerking mag hê op party van julle na-eksamenplanne wat julle dalk gemaak het, wat ook ontmoedigend mag wees.

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
Tel.: +27 21 467 9280
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

Ek wens julle alles van die beste toe vir die suksesvolle afsluiting van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens. Ons ondersteun julle entuit.

Beste wense,

BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2020-12-04

Inbelsentrum van WKOD se Veilige Skole: 0800 45 46 47